

**Die stoïis\* Philopold**

*\*[Stoïsis'me<sup>1</sup>. Leer v. d. Griekse wysgeer Zeno en die Stoïsyne, wat leer om slegs die rede te volg, die hartstogte te betuel, die leed te verontagsaam en deur selfbeheersing kalmte van gees te verkry en so die hoogste geluk te bereik. HAT]*

**212** Die toespraak maak **die Grieke** huiwerig, en sommiges sê: “Dit het die andersins onnosele Judeërs tog nou baie mooi uitgedink; hulle het die wonderdoende JaHshua hierheen gestuur om ons vrees aan te jaag! Maar ons het grond onder ons voete en staan stewig.”

[2] Maar dié keer word **Ek** self kwaad oor die hardheid van die Grieke en sê aan die hardvotige spreker wat die ander, oor die algemeen tog ietwat beter Grieke van `n goeie daad af wil wegkeer: “Luister, jou hardvotige mens! Let op of die grond nie gaan wankel nie en hoe vas jy miskien staan! Daar was al baie gewees wat ook met die stem van `n held teen hulle omstanders heen uitgeroep het: “Laat die aarde maar in puin verval en ek sal my sonder enige vrees op die uiteengespatte reste in die eindelose ruimte laat voortdra; maar toe die aarde daarna maar net effens tril, was die grootpraterige held die eerste een wat homself verbluffend gou uit die voete gemaak het! Maar miskien doen hy dit tog nie soseer uit vrees om in sy huis onder die puin begrawe te word nie, maar slegs maar om, as die aarde regtig in puin sou val, buite `n stuk op te pik en daarop dan `n onverskrokke rit deur die oneindigheid te begin!

[3] Ek sê vir jou, jou snuiwende Griek genaamd Philopold, die vlieg wat homself nie selde nie brutaal veroorloof om oor jou neus rond te loop, hy staan daar op die punt van jou neus stewiger as wat jy op jou aardbodem staan! Want as jou neus skipbreuk sou ly, dan het die vlieg darem tog nog `n tweede toevlug en dit is die lug; maar waar is jou tweede anker as die grond onder jou voete jou sou begewe?”

[4] Die Griek **Philopold**, wat van huis-uit ook `n grapmaker is, word ietwat nydig oor My, met opset `n bietjie grappig gekose woorde en sê: “Kyk nou net hier, `n seldsame verskynsel! `n Judeër wat ook geestig is? Waarskynlik die eerste en miskien ook die laaste in die hele Israel! Vriend! As `n Griek dit oor moed het, dan weet hy waarvan hy praat! Want `n Griek weet hoe om van die lewe afstand te doen en die dood tegemoet te gaan; die geskiedenis ken slegs die heldemoed van die Grieke, en die onbegryplike lafhartigheid van die Judeërs is aan hulle nie onbekend nie! Laat die aarde maar bewe of laat al die drake in die aarde maar vry, en jy sal sien of `n Philopold daardeur ook maar `n spier van sy gesig vertrek!”

[5] **Ek** sê: “Hou op met jou ydele grootpraterij en doen wat Ek julle almal gesê het, want anders dwing jy My regtig om jou moed flink op die proef te stel. Want `n God van `n Judeër laat oor sulke ernstige dinge nie die spot met homself dryf nie; want ook die groot geduld van God/Elohim het in bepaalde omstandighede sy vaste grense!

[6] As jy met jou aanhangers nou wil hê dat dit daarop moet aankom, dan moet jy goed besef dat `n Elohim wat kwaad is, nie meer so maklik te sus is nie en nie sommerso `n verdiende straf by `n erge sondaar deur die vingers sal sien nie!”

[7] **Philopold** sê: “Dit sal wel weer suiwer Judees wees? Die Judeërs het sekere profete gehad wat hulle monde nie ooggemaak het nie, behalwe vir die uiter van pure dreigemente, waarvan net sommige na `n meestal onbepaalde tyd uitgekom het, maar die meeste was praatjies in die wind; want die aardse natuur is hopelik tog nog altyd sterker gewees as die mond van `n Judese profeet! Die Grieke is merendeels stoïste en `n egte stoïis is vir niks bang nie - en ek dus ook nie. Want ook ek is `n deurwinterde stoïis!”

[8] Toe sê **die jong Matthéüs**, die leerling wat voorheen tollenaar in Sibarah was, saggies aan My: “Meester, ek ken hom, hy is `n buitengewoon onaangename en aanstootlike mens! Hy het by my tolkantoor altyd onuitstaanbare moeilikhede veroorsaak, elke keer dat hy met allerlei koopware na Kapernaum of na Násaret trek. Ek vererg my nog steeds vir hom en ek sou baie daarvan hou om hom ietwat onder hande te neem.”

[9] **Ek** sê: “Laat staan maar! Ek het al iets vir hom bedink wat weldra werklikheid vir hom sal word.”

[10] Matthéüs tree dadelik terug; maar **Philopold** herken die tollenaar uit Sibarah en sê aan hom: “Nou toe nou, gierige tolbaas, hoe kom dit dat jy ook hier is? Hoe sal dit nou met jou tolhek gaan nou dat jy dit nie met jou katoë na al die windstreke kan bewaak nie? Jy hoef die wonderdokter nie teen my aan te hits nie; hy sal self wel weet wat hy moet doen as ek te onbuigsam vir hom is, maar julle beide het op `n baie natuurlike manier `n harde neut aan my te krake gekry; want `n stoïis is geen tou of draad wat jy maar na willekeur kan buig nie!

[11] Kyk, die wonderbaarlike genesing van die tweehonderd siekes het byna al die inwoners van Kana oortuig; hoekom dan nie vir my nie? Omdat ek `n egte stoïis is, vir wie die hele skepping skaars `n knip vir die neus werd is, en my eie persoon en hierdie ellendige lewe nog minder! Waarmee wil julle my dan straf? Miskien met die dood? Ek sê vir julle: ek verlang daarna tesame met die ewige vernietiging; want vir hierdie smadelike lewe is ek aan geen enkele god dank verskuldig nie! Of is mens iemand vir die mees gehate gawe dank verskuldig? Ek is van mening dat dit vir `n almagtige god bepaald nie so moeilik sal wees om `n mens op die wêreld te plaas nie! Wie sal hom daarvan

kan weerhou? Die te geskape mens word beslis nie gevra of hy geskape wil word nie, sodat hy as enigste reghebbende sy ja of nee daarvoor kan uitspreek nie; en `n reeds geskape mens het net so weinig seggenskap oor die skepping van `n mens wat na hom moet kom - as iemand wat nog nie geskape is nie. Skepping is dus vir `n god niks besonders nie; maar vir die geskape mens wel omdat hy iets moet wees waarvan aan hom nooit gevra is of hy dit verlang nie. Wat kan daar nou ellendiger wees as te moet bestaan, sonder dat so iets ooit begeer is?!

[12] Gee my maar om sonder arbeid en inspanning te eet en te drink, dan sal ek tenminste gedurende my aardse lewensduur enigszins vrede daarmee hê, maar om vir die instandhouding van hierdie bestaan ook nog onsinnig swaar te moet werk, dus lyding soos `n gegagte wolf, en daarby ook nog `n god te moet bedank en bepaalde, net vir die skepper van belang synde gebooie, in ag te neem, daarvoor bedank ek al die Judese en Griekse gode en half-gode!”

[13] **Matthéüs** sê: “Nog meer van sulke mense op aarde en satan het `n skool waarin hy self nog honderd jaar les kan gaan neem! Meester, wat is daar met hom aan te vang? As hy regtig so is as wat hy praat, dan kan al die engele natuurlikerwys niks met hom regkry nie!”

### *Die verhaal van Philopold*

**213** Ek sê: “Moenie verder daarvoor praat nie, jy sal jouself weldra daarvan kan oortuig of daar nog iets aan hom te doen is.” En terwyl Ek my na die stoïis Philopold wend, sê **Ek (JaHshua)**: “Glo jy dat jy nie vooraf met Elohim, jou Skepper, `n ooreenkoms gesluit het nie, en dat jy dit nie eens was met al die voorwaardes wat jou dikwels onder oë gebring was, en wat sonder meer noodsaaklik is vir die lewe op hierdie planeet nie? Weet dan, dwaas dat dit al die twintigste hemelliggaam is waarop jou liggaam leef; jou totale liggaamlike leeftyd tel al soveel aardse jare dat dit die aantal fynste sandkorreltjies in al die oseane op die aarde ver oortref! En wat `n, vir `n liggaamlik lewende mens onvoorstelbare, haas eindelose tydsduur bestaan jy al as suiwer gees in die volste sin, en met die helderste selfbewussyn in die eindelose ruimte, waar jy tesame met tallose ander geeste algeheel vry leef en met alle mag hierdie totaal vrye lewe geniet!

[2] Die sonnestelsel waarin jy liggaamlik die laaste gewoon het, noem die geleerdes van hierdie aarde Procyon, maar die eie bewoners van haar uitgestrekte oppervlakte noem haar Akka - en so noem hulle haar daar oral met een en dieselfde uitspraak, want die bewoners van dié planeet praat maar één taal. Dáár het jy vanaf `n engel gehoor dat die groot, Almagtige, Ewige Gees, die enige Skepper en Bewaarder van alle oneindigheid en alles wat dit bevat, op een van die kleinste planete wat in die eindelose ruimte in tallose

hoeveelhede hulle baan volg, Self vlees sou word en `n ten volle mensegedaante sou aanneem. Jy uiter toe die vurige wens om, as dit moontlik sou wees, op daardie planeet geplaas te word om daar die Een wat jou geskape het, te sien en te hoor. Toe kom hierdie selfde engel wat jy hier aan My regterhand as sewende mens sien staan, maar wat tog `n algeheel vrye gees is, en hy vertel jou haarfyn en presies van die sware omstandighede waaraan jy onderworpe sou wees as jy `n bewoner wil word van die planeet waarop jy nou staan, en as jy daar kindskap van Elohim wil verkry.

[3] Jy neem toe al die voorwaardes aan, waaronder ook dat jy as bewoner van die gekose planeet die herinneringe aan jou vroeëre lewens op ander hemelliggame volkome kwyt sou wees tot op die oomblik dat dieselfde engel jou driemaal op jou naam sou roep wat jy op die planeet Akka gehad het.

[4] So het alles in waarheid daaraan toegegaan, en al is dit tot nog toe weliswaar onbegryplik vir jou, hoe onbillik is dit nie van jou as jy beweer dat daar vir jou bestaan op die aarde tussen jou en jou Skepper heeltemal geen ooreenkoms gesluit was nie?!”

[5] **Philopold** sê: “Wat is dit nou vir hersenskimmige verwarrende taal? Moes ek al êrens op `n ander, mooier en na dit skyn beter wêreld as `n mens van vlees gewoon en geleef het? Nee, dit is darem te erg! Luister eers, jy sewende van regs, wat deur die Násarener `n engel genoem word, hoe heet jy dan en hoe heet ek?”

[6] **Die engel** sê: “Wag net `n bietjie; ek sal so gou moontlik kenmerke uit jou vorige wêreld gaan haal en dié sal ek jou ter insae en herkenning gee!”

[7] Na hierdie woorde verdwyn die engel, maar kom binne enkele oomblikke weer terug en oorhandig aan Philopold `n rol waarop die naam van die engel en sy eie naam duidelik leesbaar in perfekte ou Hebreeuse letters geskryf staan, en `n tweede rol waarop al die voorwaardes geskrywe staan waartoe hy vir sy oorgang ingestem het.

[8] Terwyl **die engel** die rolle aangee, sê hy: “Hier, lees en herken dit, voormalige Murahel, Murahel, Murahel! Want ek, wat ArgiEl heet, het dit vir jou van dieselfde altaar gaan afhaal waar jy aan my die groot belofte gedoen het! Moenie vra hoe dit in die paar oomblikke moontlik was nie; want vir Elohim is besonder wonderlike dinge moontlik! Lees eers alles, en praat dan daarna!”